
# Die Kruin-o-gram

06 Junie 2021 - Uitgawe 01

## My enigste troos | Hebreërs 2:5-18




Die brief aan die Hebreërs of Hebreërs, die boek, word deur baie teoloë vandag gesien as een van die ingewikkeldste boeke in die Nuwe Testament. Die rede hiervoor is dat baie inligting van die brief vir ons nog onbekend is. Daarom kan akademici net spekuleer oor wie die boek geskryf het, wanneer dit geskryf is en waar dit geskryf is.

As ons dan vra, wanneer is Hebreërs geskryf, is ons antwoord, ons is nie seker nie, maar verwysings tot tweede generasie Christene (2:3-4) en Klemens van Aleksandrië (wat na Hebreërs verwys in 95 CE), gee vir ons ‘n waarskynlike datum tussen 70-95 CE. Die onsekerheid oor die plek van skrywe is ook ‘n groot debat rakende die studie van Hebreërs. Moontlike plek van skrywes is Aleksandrië, Korinthe en Rome, waarvan Rome die waarskynlikste is, omdat daar na die mense van Italië verwys word in Hebreërs 13:24.

Die genre van Hebreërs, maak die boek baie interessant, omdat dit die enigste boek in die Nuwe Testament is, wat onder dié genre val. Hebreërs behoort aan die genre leerrede, of beter bekend as ‘n preek. Dit verduidelik die talle verwysings na die Ou Testament, sowel as die enkele verwysings soos “Die hoofsaak van wat gesê is …” (8:1) of “Ons kan nie meer besonderhede nou deel nie” (9:5). Hierin sien ons dat die skrywer van Hebreërs die kulturele of liturgiese handelinge van die tempeldiens graag binne die nuwe Christelike beweging wil vestig. Hebreërs is dan ‘n liturgie wat van die glorie van God vertel.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot ‘n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
   b. Hoe het die koue jou hierdie week beïnvloed in jou voorbereiding vir skool?

2. Na God
   a. Lees Hebreërs 2:5-18
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
   d. Wat bedoel hierdie gedeelte as dit praat van Jesus as die Hoëpriester?
   e. Wat leer hierdie gedeelte ons oor die inhoud van ons geloof?

3. Na mense
   a. Gaan vertel iemand die Goeie Nuus – Dat Jesus Christus vir ons gesterf het en ons vrygekoop het van ons sonde!



# God help vir Gideon

## Rigters 6 en 7

God se mense het aanhou verkeerde goed doen. God het daarom toegelaat dat hulle vyande al hulle kos vat. Die Israeliete het weer vir God gevra om te help. En weer het God hulle gebede beantwoord.

God het 'n man met die naam Gideon gekies om sy mense te help. God het 'n engel na Gideon toe gestuur. "Jy is 'n dapper man," het die engel gesê. "Jy gaan God se mense red." Gideon het gesê: "Maar ek kom uit 'n familie wat nie ryk of belangrik is nie."

Toe bid Gidoen en vra vir God: "Kan ek asseblief 'n teken kry? Ek gaan wol op die grond sit. As die wol more nat is en die grond droog, sal ek U glo." Die volgende oggend was die wol nat en die grond droog.

Maar Gideon wou nog 'n teken hê. Hy het vir God gesê: "As die wol hierdie keer droog is en die grond is nat, sal ek seker wees U het my geskies." Die volgende oggend het God die wol droog en die grond nat gemaak. Gidoen was nou seker. Hy het gesê: "God, ek sal doen wat U sê."

Meer as 30 000 manne wou saam met Gideon veg. "Dit is te veel," het God gesê. God het vir Gidoen gewys hoe om met net 300 manne te wen. Die plan het vreemd geklink, maar Gidoen het God vertrou.

In die nag het Gideon en sy manne die vyand se kamp omsingel. Hulle het trompette geblaas en kleipotte gebreek. Hulle het brandende fakkels in die lug gehou. Hulle vyand het bang geword. *Daar is seker baie soldate!* het hulle gedink. Toe hardloop hulle weg. God se mense het gewen.



(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Verjaarsdae

### Sondag 06 Junie
Nolene Kamffer
Bianca Lamprecht
HJ Roux
Aidan Spies

### Maandag 07 Junie
Caden Calder
Anea du Toit
Daisy Visser

### Dinsdag 08 Junie
Johan Botha
Donovan Eysele
Nic Jacobs
Jaco Oosthuizen

### Woensdag 09 Junie
Leonardo Erasmus
Zania Morton
Julius Potgieter
Elsabe Swanepoel

### Donderdag 10 Junie
Talita Moller
Lindy van der Merwe

### Vrydag 11 Junie

### Saterdag 12 Junie
Nicole Wolfaardt

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves - Will Kearney

**GESONDHEID**
Hilie Green - Tia de Jager - Sarie Vermaak - Marie-Louise Knoesen
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher - Anelda Du Toit - Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker - Klein Nathan Janse van Nieuwenhuizen
Yvonne (Marius en Vonrie Jacobs se moeder)

**OPERASIES**
Bets Lottering - Jaco – Deon Potgieter

**AFSTERWE**
Maryka Potgieter se naasbestaandes

**GEBOORTES**
Runé en Eckard Erasmus - Arion - 24/05/2021

**SWANGERSKAPPE**
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Mense wat werk soek, veral 'n jong, enkel mamma wat dringend 'n werk moet kry.

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™